

14 JANUARIE

SKRIFGEDEELTE: PSALM 12
FOKUSGEDEELTE: PSALM 12:8

Christus bewaar sy kerk van die leuenaars

Vir die wêreld is leuens 'n belangrike instrument. Leuens is die middel om 'n sekere doel te bereik. Met vleitaal kan 'n mens soveel bereik en mense beïnvloed, selfs hulle ondergang reël. Die leuenaar maak staat op sy tong, hy praat altyd met 'n plan, takties en uitgeslape. Jy keer hom nooit in 'n hoek vas nie. Hy heers met sy gesplete tong. Hy buig voor niemand nie (vs. 5). Daarom bid Dawid tot die Here en roep aan die begin van die psalm (vs. 2): "Red, o Here..." 'n Mens kan die leuen nie oorwin nie en die vleier ontbloot nie. Daar is net Een wat die leuen volkome ontbloot en oorwin het op aarde, die mens Jesus Christus. Hy is die waarheid. Leuens kan dus nie voor sy Woord standhou nie. Die Here se Woord is suiwer en rein (vs. 7). God se Woord word gestel teenoor die woorde van mense. Ons mag daarom nie vertrou op ons planne en ons woorde om die leuen te bestry nie. Vir die gelowige is die uitkoms by die Here alleen, deur sy Woord – 'n hart en verstand vol van die waarheid. Elke dag het gelowiges in hulle leuens met leuens te make en word hulle slagoffers van leuens en vleitaal. Elke dag probeer die vader van die leuen en sy volgelinge om die kerk te verwoes met hulle leuens en bedrieëry (NGB, art. 12). Christus sal egter sy eiendom van die bose en leuenagtige geslag vir ewig bewaar (vs. 8). Jy hoef geen slim plan teen die leuenaars te beraam nie. Vertrou maar net dat Christus jou vandag deur sy Gees en Woord sal bewaar, nie net vandag nie, maar vir ewig.

Sing: Psalm 16:1, 2

Ds Ronald Bain (Potgietersrus-Wes)